Beleid t.o.v. Dissiplinêre Prosedures.

1. Dissiplinêre Prosedures:

Die dissiplinêre prosedures wat by Welkom Volkskool gevolg word, is geskoei op die Wet, die riglyne en die verklaring soos vervat in die dokumentasie by punt 2,3 en 4.

2. Suid-Afrikaanse skolewet nr. 84 van 1996.
["die Skolewet"] – Artikel 9.

Wysigings is aangebring en goedgekeur deur die President en gepubliseer in die Staatskoerant 28426, op 26 Januarie 2006.

- Voortaan word verwys na hierdie wet, as "die Wet"

3. Riglyne t.o.v. Skorsing en Uitsetting – Me. M.A. Tsopo, LUR van Onderwys, 22 Mei 2006.

4. Verklaring t.o.v. Skoolveiligheid – Me Naledi Pandor, Minister van Onderwys, 20 Oktober 2006.

2. Gewysigde Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996, wat die invoeging, vervanging of wysigings by die subartikels insluit.

2.1 Artikel 9: Skorsing en uitsetting uit openbare skool.

Die Beheerliggaam kan, op redelike gronde en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat vermoedelik ernstige wangedrag gepleeg het, skors van bywoning van die skool, maar mag sodanige skorsing opdwing slegs nadat die leerder 'n redelike geleentheid gebied is om vertoë in verband met sodanige skorsing aan hom te rig.

[Sub-a. (1) gewysig deur a. 7 van Wet no. 48 van 1999 en vervang deur a.2 (a) van Wet no. 24 van 2005].

(1A) 'n Beheerliggaam moet binne sewe skooldae na die skorsing van 'n leerder dissplinêre verrigtinge teen sodanige leerder hou op die wyse in artikel 8 beoog.

[Sub-a. (1A) ingevoeg deur a.2(a) van Wet no. 24 van 2005].

(1B) Indien dissiplinêre verrigtinge nie binne sewe skooldae na die skorsing van 'n leerder gehou word nie, moet die beheerliggaam die goedkeuring van die Departementshoof verkry vir die voortsetting van die skorsing van sodanige leerder.

[Sub-a, (1B) ingevoeg deur a.2 (a) van Wet No. 24 van 2005]

(1C) 'n Beheerliggaam kan, nadat 'n leerder gedurende die dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 beoog skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

(a) skorsing van sodanige leerder vir 'n tydperk van hoogstens sewe skooldae oplê, of enige ander sanksie in die gedragskode van die openbare skool beoog, of

(b) ‘n aanbeveling aan die Departementshoof doen om sodanige leerder uit die openbare skool te sit.

(Sub-a. (1C) ingevoeg deur a.2 (a) van Wet no. 24 van 2005].

(1D) ‘n Departementshoof moet die aanbeveling van die beheerliggaam in subartikel (1C)(b) bedoel oorweeg en meot besluit om die leerder uit die skool te sit al dan nie binne 14 dae na ontvangs van sodanige aanbeveling.

[Sub-a.(1D) ingevoeg deur a.2 (a) van Wet No. 24 van 2005]

(1E) ‘n Beheerliggaam kan die skorsing van ‘n leerder oplê of verleng vir ‘n tydperk van hoogstens 14 dae hangende die besluit deur die Departementshoof of sodanige leerder uit die openbare skool gesit moet word al dan nie.

[Sub-a. (1E) ingevoeg deur a.2 (a) van Wet no. 24 van 2005].

2. ‘n Leerder by ‘n openbare skool mag uit die skool gesit word slegs –

- deur die Departementshoof, en
- indien hy of sy ná dissiplinêre verrigtinge in artikel 8 beoog, skuldig bevind is aan ernstige wangedrag.

[Sub-a.2 vervang deur a.2(b) van Wet No. 24 van 2005].

3. Die lid van die Uitvoerende Raad bepaal, by kennisgewing in die Provinsiale koerant –

- die gedrag van ‘n leerder by ‘n openbare skool wat as ernstige wangedrag beskou word;
- dissiplinêre prosedures wat in sodanige gevalle gevolg moet word;
- bepalings van ‘n beheerlike regsproses om die belange van die leerder en enige ander party wat by dissiplinêre handelinge betrokke is, te beskerm.

4. ‘n Leerder of die ouer van ‘n leerder wat uit ‘n openbare skool gesit is, kan binne 14 dae na ontvangs van die kennisgewing van uitsetting teen die beslissing van die Departementshoof appél aanteken by die Lid van die Uitvoerende Raad.

[Sub-a vervang deur a.2© van Wet No. 24 van 2005]

5. Indien ‘n leerder wat ingevolge artikel 3(1) aan verpligte bywoning onderhewig is, uit ‘n openbare skool gesit word, moet die Departementshoof ‘n alternatiewe reëling tref vir sy of haar plasing by ‘n openbare skool.

6. ‘n Leerder wat appél aangeteken het op die wyse in subartikel (4) bedoel, moet toegang tot onderwys verleen word op die wyse deur die Departementshoof bepaal, hangende die uitkoms van die appél.

[Sub-a, 6 ingevoeg deur a.2(d) van Wet No. 24 van 2005]

7. Die Departementshoof, by die bepaling van die wyse van bywoning in subartikel (6) beoog –

- moet redelike maatreëls tref om die regte van ander leerders by die openbare skool te beskerm, en
- kan ‘n alternatiewe metode oorweeg om onderwys te verskaf aan die leerder in subartikel (6) beoog.

[Sub-a. 7 ingevoeg deur a.2(d) van Wet No. 24 van 2005].

8. Indien die Departementshoof besluit om nie ‘n leerder uit die skool te sit soos in subartikel (2), beoog nie, kan die Departementshoof, na oorleg met die beheerliggaam, ‘n gepaste straf aan die leerder oplê.

[Sub-a.8 ingevoeg deur a.2(d) van Wet No. 24 van 2005]

9. Indien die Departementshoof besluit om nie ‘n straf aan die leerder op te lê nie, moet die Departementshoof die aangeleentheid na die beheerliggaam terugverwys vir ‘n alternatiewe straf ingevolge die gedragskode in artikel 8 beoog, uitsetting uitgesluit.

[Sub-a.9 ingevoeg deur a.2(d) van Wet No. 24 van 2005]

10. Die beheerliggaam moet die straf in subartikel (8) beoog, implementeer.

[Sub-a, 10 ingevoeg deur a.2(d) van Wet No. 24 van 2005].

2.2 Die Belangrikste wysigings.

Die belangrikste wysigings is die volgende:

2.2.1 ‘n Leerder kan nou reeds vóór ‘n dissiplinêre verhoor as voorkomende maatreël geskors word (subart.1).

2.2.2 ‘n Dissiplinêre verhoor moet binne sewe (7) dae nadat die leerder geskors is, gehou word (subart.1A).

2.2.3 Indien ‘n dissiplinêre verhoor nie binne sewe(7) dae gehou word nie, moet die departementshoof se goedkeuring vir die voortsetting van die skorsing verkry word (subart. 1B).

2.2.4 Skorsing as korrektiewe maatreël (straf) kan nou vir sewe (7) skooldae wees – voorheen was dit een week oftewel sewe kalenderdae (subart. 1C(a)).

2.2.5 Die departementshoof moet binne veertien (14) dae nadat ‘n beheerliggaam die uitsetting van ‘n leerder aanbeveel het, daaroor besluit (subart. 1D).

2.2.6 ‘n Leerder wat deur die departementshoof uit die skool gesit is, kan binne veertien (14) dae by die LUR appél aanteken (subart. 4).

2.2.7 Indien die departementshoof teen die uitsetting van ‘n leerder besluit, kan hy/sy in oorleg met die beheerliggaam die leerder ‘n alternatiewe straf oplê, welke straf dan deur die beheerliggaam toegepas moet word (subart.8 en 10).

2.2.8 Indien die departementshoof besluit om nie ‘n straf op te lê nie, moet hy/sy die aangeleentheid vir die oplê van ‘n alternatiewe straf na die beheerliggaam terugverwys (subart.9).

2.3 Die implikasies.

Sekere belangrike implikasies vloei uit die voorafgaande voort:

2.3.1 Die reg wat ‘n beheerliggaam in subartikel 1 kry om ‘n leerder voorkomend te skors moet eerstens teen die agtergrond van subartikel 3 gesien word. Kragtens subartikel 3 moet die LUR per kennisgewing in die Provinsiale Koerant bepaal watter gedrag as ernstige wangedrag beskou moet word. Die eerste belangrike implikasie is dat voorkomende skorsing slegs in gevalle van ernstige wangedrag toelaatbaar is. Die vraag oor wat ernstige wangedrag is, moet dus teen die agtergrond van die LUR se kennisgewing beoordeel word.

2.3.2 Die tweede belangrike implikasie is dat die betrokke subartikel aan die beheerliggaam die reg verleen om voorkomend te skors. Een van die reëls kan wees nie (nemo iudexIN SUA CAUSA). Die beheerliggaam kan tog nie die leerder die een oomblik skors, en daarna sommer self die dissiplinêre verhoor behartig nie. Uit ‘n praktiese oogpunt is dit ook eenvoudig onwerkbaar dat die volle beheerliggaam byeengeroep word om oor ‘n voorkomende skorsing te besluit, aangesien voorkomende skorsings dikwels juis ten doel het om gevaarsituasies dringend te ontlont. Ek beveel gevolglik aan dat elke beheerligaam oor ‘n “skorsingskomitee” behoort te beskik wat uit persone bestaan wat gewoonlik onmiddellik of op baie kort kennisgewing beskikbaar is. Uit die aard van die saak behoort die skoolhoof deel van hierdie komitee uit te maak. Die beheerliggaam moet aan hierdie komitee volle bevoegdheid verleen om namens die beheerliggaam besluite oor voorkomende skorsings te neem en af te handel. Dit sal aan hierdie komitee die volle voordeel van artikel 30 van die Skolewet verleen. Hierkragtens kan beheerliggame deur middel van komitees funksioneer; besluite van sodanige komitees (mits die delegasie wat die beheerliggaam aan die komitee verleen het dit toelaat) word dan geag besluite van die beheerliggaam te wees. Uit die aard van die moet ‘n lid van die beheerliggaam (dit kan die skoolhoof wees) as voorsitter van so ‘n komitee optree. Die funksie van hierdie komitee sal tot voorkomende skorsings beperk wees. Die dissiplinêre verhoor self moet dan deur die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam waargeneem word. Skorsing as straf (in teenstelling met voorkomende skorsing), en skorsing hangende ‘n besluit oor uitsetting word deur die dissiplinêre komitee behartig. Wat in hierdie verband belangrik is, is dat die lede van die “skorsingskomitee” en die lede van die dissiplinêre komitee nie dieselfde persone mag wees nie. Normaalweg sal die skoolhoof as aanklaer in ‘n dissiplinêre verhoor optree. As die skoolhoof die voorsitter of ‘n lid van die skorsingskomitee is, sal sy/haar rol as aanklaer in die latere dissiplinêre verhoor nie in stryd met die nemo iudex-reël wees nie.

2.3.3 Die volgende belangrike implikasie lê in die woorde “op redelike gronde” opgesluit. Die terme “redelikheid” of “redelike gronde” is goed gevestigde jurisdiese begrippe. Dit beteken dat daar nie op grond van blote verdeking, vooroordeel, naywer, kwelsugtigheid of vergelding opgetree mag word nie. Goeie aanduidings in die vorm van voorlopige getuienis of verklarings behoort te bewys dat ‘n leerder wél ‘n ernstige oortreding begaan het. Daarbenewens word daar algemeen in die reg aanvaar dat voorkomende skorsings slegs geregverdig is waar die voortgesette teenwoordigheid van die beweerde oortreder:

* ‘n ernstige bedreiging vir die veiligheid of welstand van andere kan inhou; of
* ‘n ondersoek na die beweerde oortreding ernstig kan benadeel.

2.3.4 Die laaste belangrike implikasie is te vinde in die sinsnede “slegs nadat die leerder ‘n redelike geleentheid gebied is om vertoë in verband met sodanige skorsing te rig”. Hierdie is maar eintlik ‘n parafrasering van die bekende audi alteram partem-reël. Hierdie reël beteken letterlik “hoor ook die anderkant”. Kragtens die omskrywing van “administratiewe aksie” soos vervat in die Promotion of Administrative Justice Act, nr. 3 van 2000, (“PAJA”), kom voorkomende

skorsing inderdaad op administratiewe aksie neer. Kragtens PAJA moet administratiewe aksie prosedureel billik wees. Artikel 3 van PAJA skryf die vereistes vir prosedurele billiheid voor, naamlik:

* voldoende kennisgewing aan die betrokke persoon van die aard en doel van die voorgenome optrede;
* ‘n redelike geleentheid om vertoë te rig;
* ‘n duidelike omskrywing van die voorgenome optrede;
* voldoende kennisgewing van enige reg op hersiening of interne appél, waar van toepassing; en
* voldoende kennisgewing van die reg om redes vir die optrede te versoek.

Artikel 3 skryf verder voor dat ten einde reg te laat geskied aan die reg op prosedurele billikheid, die besluitnemer in sy of haar diskresie ook aan die betrokke persoon geleentheid kan bied om:

* bystand en, in ernstige of ingewikkelde gevalle, regsverteenwoordiging te kry;
* inligting of argumente voor te lê of te betwis; en
* in persoon te verskyn.

In die geval van leerders sal dit natuurlik altyd raadsaam en vir alle praktiese doeleindes noodsaaklik wees om altyd die ouers van die leerder by hierdie proses te betrek.

Artikel 3 skryf verder voor dat ‘n besluitnemer van die eerste groep bogenoemde vereistes kan afwyk indien dit onder die omstandighede redelik en regverdigbaar is. Ten einde te bepaal of die afwyking redelik en regverdigbaar is, moet die besluitnemer alle tersaaklike faktore in ag neem, waaronder;

* die doel van die magtigende bepaling;
* die aard en doel van die voorgenome optrede en die noodsaak om dit te neem;
* die waarskynlike uitwerking van die voorgenome optrede;
* die dringendheid daaraan om die voorgenome otprede te neem of die dringendheid van die saak as geheel;
* die noodsaak om doelmatige administrasie en beheer te bevorder.

Dit is soms in baie ernstige gevalle (bv. moord, verkragting, ernstige aanranding, ernstige saakbeskadiging) nodig dat daar onmiddellik in belang van ander leerders of lede van die skoolgemeenskap voorkomend opgetree word. Alhoewel artikel 9(1) bepaal dat ‘n leerder slegs voorkomend geskors kan word nadat daar aan hom/haar die geleentheid gebied is om vertoë te rig, meen ek dat PAJA se bepalings oorheersend is oor dié van die die Skolewet. Volgens my beteken dit dus dat indien die omstandighede dit regverdig, die besluitnemer met betrekking tot voorkomende skorsing op sterkte van bogenoemde laaste gedeelte van PAJA wél van die vereiste sal kan afwyk om voorkomend te skors slegs nadat vertoë aangehoor is. Dit beteken egter nie dat daar geheel en al afgewyk kan word nie. Die leerder sal by die vroegste moontlike geleentheid nada thy/sy voorkomend geskors is, geleentheid gegun moet word om redes aan te voer waarom die skorsing nie (verder) toegepas moet word nie.

Guidelines on expulsion and appeals: MA.TSOPO. MEC: EDUCATION, MAY 22,2006.

Action	By whom	Time line
Preventative educational programmes for emotional and behavioural difficulties.	Site Based Support Team	Ongoing
Learners experiencing mild behavioral and emotional barriers to learning will be identified and receive interventions to address their specific needs. These interventions will be indicated on an individual development plan.	SBST	Learner will be enrolled in the programme within 7 days of identification
Learners experiencing severe behavioural and emotional barriers to learning will be identified and enrolled in programmes to address their specific needs. Part of the program will be a developmental assessment. The programmes will be indicated on an individual developmental plan.	SBST and District Based Support Team.	Leraner will be enrolled in the program withing 7 days of identification.
Before a learner is suspended the DBST must be notified. All prior interventions must be indicated of the IDP.	The Principal	
Inputs (Care plan, IDP and other documentation) to the SGB on recommendations to alternative actions.	DBST, SBST or/and Parents	Within 7 days before the hearing (runs concurrently with next step)
To hold a hearing for a learner	SGB	Written notice to be given to learner at least 5 school days before date of hearing.
Communicate final outcome of hearing with reasons to the learner/representative.	SGB	Within 2 days of the hearing (runs concurrently with next step)
Submit a full report about the decision of the SGB to the DBST and District Director	The Principal	Within 2 days of the hearing
Inputs (IDP and Care Plan) to the District Director	DBST	Within 3 days of receiving the report from the principal (runs concurrently with next step)
Submission of Report of the Principal with comments by the District Director to the HOD	The District Director	Within 7 days of receipt of the report form the principal

Submission of written comment by the SGB, learner/representative, DBST and parents when the District Director introduces new information.	The SGB, learner / representative, DBST and parents as the case may be	Within 7 days from the date of the request by the HOD
Decisions whether to expel or not. HOD to refer the matter to Ms T Moshotle from Legal Services.	HOD	Within 14 days from date of receipt of all relevant information
To advice the HOD on the expulsion	Deputy Director: Legal Service and Labour Relations	Within 7 days of receipt of the documents from the HOD (These seven days are included in the 14 days period for finalization by HOD)
To inform the learner/representative, parent and SGB of decision of HOD	HOD	Within 2 days from decision of HOD (These 2 days are included in the 14 days period for finalization by HOD)
To inform the learner, DBST and parent of the arrangements for placement of learner at another school where learner is of compulsory school going age. This function will be performed by the District Directors on behalf of the HOD	HOD	Within 1 day of decision of HOD
The District Director must ensure that a learner of compulsory school-going age is placed at another school immediately upon receipt of the decision of HOD	The District Director	Within 5 days of receipt of decision of HOD
Appeal against the decision of the HOD	Learner/representative, and/or parents	Within 14 days from date of decision of HOD to expel
To advice the MEC on the appeal	Director: Legal Service and Labour Relations	Within 2 days of receipt of the appeal from the MEC's office
Decision on appeal to be communicated to the learner/representative, parent and SGB	MEC	Within 2 days of receipt of advice from Director: Legal Service and Labour Relations

Labour Relations

Activity	Time Line
Ensure acknowledgement of complaint receipt.	Within two days
Finalize Formal Disciplinary process.	Within two months.
School to conduct and finalize informal hearings.	Less serious cases. (On observation)
Serious misconduct cases to be referred to Lab our section via the office of the CES:SMGD for record keeping and follow up.	On discovery of such cases and after having followed all the correct procedures.
Poor Performance observed.	Schedule 1 of Employment of Educators Act 76 of 1998 to be followed.

Verklaring: Me. Naledi Pandor – Minister van Onderwys – 20 Oktober 2006.

- Skoolprinsipale word deur die Wet bemagtig om leerders te deursoek vir gevaarlike wapens of onwettige dwelmbesit, sonder die verkryging van toestemming van ‘n ander persoon of outoriteit.
- Skoolprinsipale word deur die Wet bemagtig om veiligheidsbeamptes of polisielede in te roep vir die uitvoering van so ‘n ondersoek, sonder die verkryging van toestemming van ‘n ander persoon of outoriteit.
- Om in besit te wees van ‘n vuurwapen op die skoolterrein, is ‘n kriminele oortreding en moet aangemeld word by die owerhede.
- Gevaarlike wapens of voorwerpe, onwettige dwelmiddels in leerderbesit op die skoolgronde, asook aggressiewe gedrag wat ander beseer, word ten strengste verbied.
- Ouerondersteuning moet aangemoedig word t.o.v. die dissiplinering van en leidinggewing aan hul kinders, om sodoende die opvoedingstaak van opvoeders te vergemaklik.
  Die gedrag van die leerder bly die verantwoordelikheid van die ouers of voog van die leerder.
- Die aanstelling van opgeleide beraders, met toepaslike programme word in die vooruitsig gestel om ondersteuning te bied aan opvoeders, ouers en leerders.
- Die sukses van orde by ‘n skool, lê opgesluit in die uitvoering en dissiplinering van alle alledaagse, daarom word skole aangemoedig om dissipline te handhaaf rakende:
  * die uitvoer van huiswerkopdragte.
  * die netheid van kleredrag.
  * stiptelikheid.
  * respekvolle optrede teenoor opvoeders en medeleerders in die klaskamer en die skoolterrein.
- Skole moet toegelaat word om leerders met ernstige gedragsprobleme in hul ouers se sorg te plaas vir ‘n kort periode. Leermateriaal moet dan aan die leerder(s) beskikbaar gestel word. Die gedrag van sodanige leerders word die verantwoordelikheid van die ouers gedurende hierdie tydperk.
- Groter polisiebetrokkenheid t.o.v. bystand word in die vooruitsig gestel om skole te ondersteun met ernstige ontwrigtende leerderoptredes.